

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
6 Augustus 1978

Onderwerp: Saul
Biddag vir Dooplidmate

Lees: 1 Samuel 10 verse 1 tot 7
2 Samuel 1 verse 1 tot 12

Teks: 1 Samuel 10 vers 7
2 Samuel 1 vers 12

Sing: Psalm 100 verse 1 en 3
Gesang 93
Gesang 33 verse 5 en 7

“Tussen Saul se begin en einde was daar ’n geweldige kontras. Aanvanklik het die jubelwoorde gegeld: ‘God is met jou.’ (1 Sam 10:7) Hierteenoor het God Saul ten slotte verlaat. Tussen sy begin en sy einde was die treurige geskiedenis van sy mislukking.

“Nou is die belangrike vraag. Wie se skuld was dit dat Saul op dié hoogte begin het en in die diepstes geëindig het?

“Van vele kante is daar ’n skynbaar eenstemmige antwoord: Dit is God se skuld! Só suggereer D. F. Malherbe in sy boek *Saul die worstelheld*. Volgens hom was Saul ’n noodlotsfiguur met ’n voorbesikte mislukking as straf vir Israel se begeerte om ’n menslike koning te hê.

“Volgens sielkundiges was God se keuse van Saul ’n fout, want sy geestessamestelling het hom tot mislukking gedoem nog voordat hy begin het. Hy was van die begin af nie opgewasse vir sy taak nie. Sy swaarmoedigheid, aggressiwiteit, agterdog, jaloesie, vervolgingswaan en verwarring was bewyse van sy minderwaardigheidskompleks. Die arme man het onder die druk van sy koningskap sy ewewig verloor. Sy persoonlikheid was nie aangelê om ’n vors te wees nie. Hy moes liewers donkies bly oppas het.

“Met ’n ander toon, maar in dieselfde koor, is daar ook vrome mense wat te kenne gee dat dit God se skuld is dat Saul misluk het. Hulle redeneer: As Almagtige bestuur God alles. Daarom val die sonde nie buite sy bestuur nie. Saul was dus voorbesik vir ondergang om die volk te straf. God het Saul dus terwille van sy Goddelike doel as sondaar bestem.

“Maar is daar nou reg geredeneer? As dít waar was, sou dit die volgende konsekwensies hê:

“Dan was God nie ernstig toe Hy vir Saul gesê het dat Hy met hom was nie. Dan was Saul se begin ’n bedrogspul en is hy in die rug gesteek.

“Dan is alle sonde God se skuld. Dan dra ons geen verantwoordelikheid nie en mag God dit ook nie van ons eis nie.

“Dan is ons almal gedoemde slagoffers, wat deur God bestem word vir sondes waaroor ons self geen beheer het nie.

“Dan hang daar ’n vraagteken oor ons almal. Was God ernstig toe Hy by my doop belowe het dat Hy met my is? Sal dit nie later blyk dat God heeltemal ’n ander donker plan van skande en ondergang vir my bestem het nie?

“As ons hierdie fatalisme inspan in ’n poging om God se almag te red, beteken dit dat ons groot simpatie moet hê met Kain, Esau, Saul en Judas: Arme man, jy het nie ’n kans gehad nie. Dit was beskik dat jy deel moes wees van ’n donker plan.

“Dan is daar mense wat redeneer dat die sonde ’n geheimenis is. Dat ons die verband tussen God se voorbeskikking en ons verantwoordelikheid nie kan verstaan nie. Dat ons nie bymekaar kan bring dat God alles beskik en dat ons verantwoordelik moet kies nie. Al wat dan oorbly is om dit as ’n misterie te aanvaar en daarvoor te buig.

“Maar Broers en Susters, dit is nie waar nie. In Saul se geskiedenis het die klem onteenseglik op sy eie verantwoordelikheid geval. Hy het die groot kans van sy lewe ontvang. God het dit ernstig met hom bedoel. Die Vaderhand was oop vir hierdie man. Dit kon anders gewees het, maar Saul se mislukking was op sy eie rekening. Hy het sy eie kanse verspeel. Dit was nie God se skuld dat Saul se lewe ontspoor het nie.

“Saul se wonderlike begin was: ‘God is met jou.’ Dit staan daar swart op wit. Dit was dieselfde belofte wat Abraham, Isak en Jakob ontvang het. En dit was dieselfde krag wat God se belofte altyd bevat.

“Saul het ’n indrukwekkende uiterlike gestalte gehad. Hy was jonk, mooi van aansien, opvallend en ’n treffende groot modelseun in die dae van krygsmanne. Hy was die seun van ’n ryk en aansienlike vader.

“Hy is deur die profeet Samuel gesalf as sinnebeeld dat God hom aangestel het en hom toegerus het vir sy besondere taak. Die Gees het oor hom vaardig geword. Hy het in ’n ander mens verander, alhoewel dit later

geblyk het dat dit nie wedergeboorte was nie. Tog was dit 'n aanduiding dat hy die talente, insig en geesteskrag vir die koningskap gehad het.

“Die HERE het nog verder sy guns op Saul uitgestort.

“Hy is by Ragel, sy stammoeder, se graf herinner aan sy voorgeslagte, sy afkoms en sy agtergrond. En daar het hy 'n boodskap van eerbetoning van sy vader ontvang.

“Oppad na Betel het 'n merkwaardige ding gebeur. Drie manne het, teen alle gebruike in, die gawes wat vir God bedoel was, vir Saul gegee. Dit was 'n teken van volkserkenning. Maar meer nog, dit was God wat sy gawes met Saul gedeel het. ‘God is met jou.’

“Daarna is hy na Gíbea, waar die Filistyne se wagpos was. Dit moes aan hom tuisgebring het dat die glorie van Israel en die eer van God in gedrang was; en dat dit sy taak was om dit reg te stel.

“Broers en Susters, toe kom die klimaks toe God se profete, wat onder inspirasie die woorde van die HERE uitgeroep het, hom ontmoet het. Die gees het Saul ook aangegryp en vir 'n tyd lank was hy self 'n profeet. God het aan hom gewys dat hy 'n instrument van die HERE was. God het Saul onder die gesag van sy Woord gebring en aan hom geopenbaar dat sy profesië die rigtingwyser van sy lewe was.

“Die toekoms het oopgelê voor hierdie jongman: Saul moes die geheim in sy hart dra en weet: ‘God is met jou.’

“Maar toe het die toneel verander.

“Jare het verbygegaan en baie dinge het gebeur. Saul het hom só van God vervreem, dat daar 'n onheilspellende swye van God se kant teenoor hom gekom het. Dieselfde God van die belofte het hom nie geantwoord nie. Daar was geen openbaringsdroom of stem van 'n profeet nie. Die vors van Israel was bewend, lafhartig en sukkelend. Die Filistyne wat hy moes uitdryf, het die land oorstrom. Uiteindelik het Saul by die towerheks van Endor voor die duiwel gaan bieg. Hy was só angstig alleen in sy sonde. Hy was só alleen op Gilbóa tussen die gesneuweldes van Israel en in sy selfmoord. Sy lyk het in oneer verlate gehang aan die mure van Bet-San. 'n Nog groter smaad was dat die lewelose Saul deur vlamme verteer is.

“In Dawid se treursang hoor ons God se klag oor hierdie man van belofte, wat homself oor die afgrond van sonde gestort het.

“Sy begin en einde was 'n kontras van wit en swart. Hoe moet ons dit verklaar? Was dit God se skuld? Nee,

en hier is 'n Goddelike waarskuwing wat ook vandag vir ons bedoel is. Seuns en dogters, hier is vir ons 'n rooi lig in God se Woord wat ons deur hierdie aangrypende verhaal waarsku.

“Kyk hoe alles in hierdie belowende lewe begin het. En toe was daar die resep van die sonde in Saul se lewe. Daar was eers ongehoorsaamheid. Toe was daar sterker en sterker selfhandhawing teen God. Dit was gevolg deur wederstrewigheid, eiesinnigheid, uitwendige vormgodsdienste en uiteindelik openlike verwerping van God. Daar was verharding teen God se raadsplan, minagting van God se gebod en toe weerstand teen God se ingryping. En toe het verlatenheid ingetree as slotfase van 'n lewe wat alles gehad en alles verbeur het.

“Ons vyand, Satan, is op ons. Sy strategie is geniaal. Hy bestorm nie, maar nader ons subtiel. Sy doelwit is om u en my van ons erfenis los te maak, sonder dat ons agterkom dat ons in 'n stryd om lewe en dood gewikkel is. Hier moet toegegee word en daar links laat lê word. Verloor jou identiteit, smelt saam met die massas. Want as jy nie meer weet wie jy is nie, sal jy ook nie waarde aan jou Godsdienste en jou afkoms heg nie.

“Maar hoe sal ons eindig?

“Ons begin was goed en ryk aan beloftes. In Jesus Christus het ons 'n groter volheid ontvang as Saul. Ons het die ryk en oorvloedige beloftes van die Doop gekry. Ons het in Jesus Christus die Heilige Gees ontvang en ons is tot konings gesalf. God is met ons. Ons is toegerus met energie en krag om soos helde te stry en te oorwin en te heers oor Satan.

“Maar hoe sal ons eindig?

“Ons is ook omring met die roem van geslagte, net soos Saul by die graf van Ragel, sy stammoeder. Ons het ook die aansporende nagedagtenis van vader en moeder, grootvader en grootmoeder wat nie gebuig het voor die duisternis nie.

“Maar hoe sal ons eindig?

“God bestier alles, ook jou begin en jou einde. Jou lewe is in God se hand. Maar jy het ook 'n verantwoordelikheid. En daarvan sal jy rekenskap moet gee, net soos Saul.

“Het jy aanvaar wat God beloof het? Het jy dit wat jy van jou voorgeslagte geërf het in ere bewaar? Of geminag en verwerp jy dit?

“Onthou, God sal kom en vra wat jy gemaak het met die kanse van jou lewe wat Hy jou gegee het, net soos vir Saul. Jy het ontvang die skoonheid van die

narsinglelie van Saron en die verhewe krag van Karmel. Wat het jy daarmee gemaak?

“Laat ons ween oor Saul. Maar laat ons ook ween oor hierdie boodskap, wat uitwys dat ook óns sierade op die hoogtes verslaan lê. Moet dit nie rondvertel nie, sodat ongelowiges nie sal juig oor die smaad van baie kerkmense nie. Maar erken met weemoed teenoor mekaar dat baie van ons en ons jongmense rondom ons val, omdat hulle die prooi geword het van Godsdienstige vervreemding.

“En as u so wenend voor God staan, vra uself af of u nie medeverantwoordelik is vir hulle verval nie? Omdat u self gefaal het in God se roeping en opdrag om hulle na God te lei? Omdat u die doopbelofte nie nagekom het nie?

“Daarom moet ons teen die agtergrond van Saul se ontsporing, op ons eie verantwoordelikhede let.

“Ons enigste hoop is om na Jesus Christus te vlug en te pleit:

“O Here Jesus, bid vir my dat my geloof nie ophou nie. Hou my en my kinders vas. Soek ons as ons in die wildernis verdwaal. Stuit ons huisgesin as ons weggly. En dra ons terug. O Here, hou ons hand dat die kwaad ons nie verras nie.

“Alleen deur by Jesus Christus te skuil, is dit moontlik om die kruisbanier tot die einde toe tot in God se hand te dra.

“Amen.”

Kommentaar:

Saul se geskiedenis kan maak dat 'n mens jou eie geloofsekerheid bevraagteken.

Om duidelikheid hieroor te kry, moet jy kyk na jou verhouding met Jesus Christus. As jy Jesus Christus as jou Verlosser aanvaar het, kan niks, selfs nie jou eie oortredinge, jou verlore laat gaan nie. Jesus Christus het gesê:

“My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.”
(Joh 10:27-30)

Hierteenoor wag daar 'n wrede ontnugtering vir die persoon wat dink dat hy God met uiterlike skyn kan benader; en 'n lewe wat getuig dat hy geen deel aan God het nie. Dit is wat Saul gedoen het.

As jy 'n predikant is, of op die kerkraad dien, gereeld kerk toe gaan, jou tiendes betaal en elke moontlike werk vir die kerk verrig, maar jy het nie 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus nie, is jy besig om jouself te bedrieg. Jesus Christus waarsku:

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!” (Matt 7:21-23)

Hierdie is 'n dringende waarskuwing vir hulle wat die HERE beskou as 'n terloopse vanselfsprekendheid êrens in die agtergrond; om nie eers te praat van hulle wat die HERE prontuit verwerp nie.

Jesus Christus verwys in hierdie teksvers na: “hy wat die wil doen van my Vader”. Dit kan by oningeligte Christene die indruk skep dat goeie werke nodig is om gered te word. Werke wat vir God welbehaaglik is, is 'n uitvloeisel van Christene se dankbaarheid omdat hulle gered is. Jy kan nie jou verlossing met goeie werke verdien nie.

Om Saul se situasie beter te verstaan, kyk na die Doopbelofte.

Die belofte wat God met elkeen van ons met ons doop maak, is dat God jou sal red as jy Jesus Christus as jou Verlosser aanvaar. As jy gedoop is en Jesus Christus as jou Verlosser aanneem, is jy gered. Daarenteen, as jy gedoop is en jy verwerp Jesus Christus, geld die belofte nie vir jou nie en is jy verlore. Dit is wat met Saul gebeur het.

Al wat nodig is om gered te word, is om Jesus Christus as jou Verlosser aan te neem. Dit is wat God jou belowe

het. Dit is God se verbond met jou. Dank Hom daarvoor.

En as jy Jesus Christus nog nie as jou Verlosser aangeneem het nie, moenie versuim nie. Moenie Saul se voorbeeld volg nie.

